

10 April

Psalm 23:4 en Efesiërs 6:14-16

Ons Herder beskerm ons - Hy gee aan ons die geestelike wapenrusting teen die Bose

In die beeld van die Herder wat sy skape versorg en beskerm gee die Here aan sy kinders die versekering van sy versorging en beskerming. Die beskerming deur die Herder kom sterk in Psalm 23:4 na vore. Met sy stok en sy staf laat die Herder sy kudde veilig voel omdat hy hulle na buite beskerm en na binne reghelp.

Die vyand waarteen Christene die meeste beskerming nodig het is die Satan en sy handlangers, die bose geeste in die lug of die gevalle engele. Die Here gee die geestelike wapenrusting wat ons beskerm en waarmee ons veg. Die beeld van 'n Romeinse soldaat word gebruik.

Waarheid as gordel sodat ons nie in die leuen van Satan verstrengel raak nie.

Vryspraak deur God in Christus as borsharnas sodat ons veilig as kinders van God kan leef.

Skoene van gereedheid vanuit die Evangelie sodat ons toegerus en gereed vir dienslewering kan wees.

Geloof as skild waarmee die aanvalle van die Bose afgeweer kan word en ons in volle geloofsekerheid kan leef.

Die helm van verlossing sodat ons kan leef in die oorwinning in Christus.

Die swaard van die Gees, die Woord van God, waarmee ons die stryd voer.

So beklee ons Herder ons in ons stryd teen die Bose. Laat ons voluit op Hom vertrou.

Sing: Psalm 46:1, 4

Dr. J. le Roux (Pretoria-Brooklyn)